

26 Mei

Skrifgedeelte: Hebreërs 5:11-6:3 (NAV)
Fokusgedeelte: Hebreërs 5:14

“Voeding op die lewenspad”

Die volle inhoud van die Bybelse waarhede is so enorm en ryk dat 'n leeftyd eintlik te kort is om alles te kan begryp. En meer nog, die tyd is ook te kort om God vir alles te kan dank en prys. Daar word mos gesê dat 'n mens soms kyk, maar nie sien nie ... of hoor, maar nie verstaan nie. Dit dui daarop dat ons vanuit ons menswees traag is om te begryp of te verstaan.

Die Hebreërskrywer is hier in ons teksgedeelte intens besig om sy lesers in die volle waarheid te onderrig. Daar is so baie om te sê en so baie om te hoor en so baie om te probeer verstaan. Sy lesers is egter so besig met “ander aardse dinge” dat hulle die volle boodskap van Christus se groot liefde nie ten volle raaksien nie.

Daarom praat hy in vers 14 oor “insig” en “ervaring”. Letterlik staan in die oorspronklike taal “gewoonte geoefende gawe” of “geoefende vermoë om te verstaan”. Hoe kry ook jy en ek daardie gawe en vermoë? Slegs deur intense gebed en Bybelstudie, want dán kom die insig en ervaring wat jou geestelik tot 'n volwasse geloofskind van God laat groei.

Dit is só belangrik om elke dag met die Woord van die Here besig te wees. Só kom jy tot die volle besef van die grootse daade van ons God. Jesus se liefde en versoening kan alleen in sy diepste wese beleef en geglo word as jou hart en verstand deur die Gees geopen word. Bid daarom ook vandag vir die verligting van God se Gees. Wees besig met die Bybel, en mag daar in ons elkeen se lewe insig en ervaring kom om die heerlike genade van ons God deur Jesus Christus te kan verstaan en begryp.

Sing: Psalm 125:1, 4 (2001)

Ds. NW (Nico) Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)